# Winsgedrewe skaap voerkraal afronding

Deur: Alheit du Toit (Pr.Sci.Nat), Feedtek

Die afronding van skaap in intensiewe voerkraal sisteme word al hoe meer relevant namate vertikaal uitgebrei word om inkomste te verhoog te midde van ekonomiese druk, terwyl ongunstige omgewingstoestande toenemend druk op beskikbare weiding plaas. Dit is egter van uiterste belang dat afronding te alle tye ekonomies geregverdig word, veral ten tye van hoë graan- en ander roumateriaal koste. Voerkraal wins word tipies gedryf deur uitsette te verhoog en insetkoste baie noukeurig te bestuur.

## Maksimale uitsette

Die korrekte slagmassa en -ouderdom, tesame met karkasprys is bepalend vir realisering van inkomste. Mark tendense moet te alle tye in ag geneem word, sowel as seisoenale tydsberekening vir slaggereedheid. Gradering beïnvloed karkasprys grootliks en daar is verskille tussen rasse wat tempo van groei en vetneerlegging betref. Hoë uitslagpersentasies kan slegs bereik word indien slagmassa, -ouderdom en gradering optimaal vir die betrokke ras is.

'n Goeie gesondheidsprogram, korrekte prosessering, deeglike aanpassing, sowel as 'n hoë bestuurspeil en goed ontwerpte krale is noodsaaklik om mortaliteite tot 'n minimum te beperk. Wol inkomste, sowel as die van velle en afval (indien van toepassing) lewer 'n belangrike bydrae, veral indien voerkoste hoog en karkaspryse onder druk is.

## Bestuur van insetkoste

Selfs indien eie skaap gevoer word, moet aanvanklike waarde in berekening gebring word en monitering van mark tendense is van belang om te besluit of afgerond moet word, al dan nie. Uitgawes aan arbeid, prosessering en vervoer moet ook in ag geneem word. Voerkoste is een van die grootste uitgawes, maar die goedkoopste voer is nie noodwendig die mees doeltreffende en ekonomiese opsie nie. Hou ook ingedagte dat eie geproduseerde grondstowwe se koste verreken moet word teen huidige markwaarde. Hoewel dikwels buite rekening gelaat, behoort daar 'n rente faktor aan insetkoste gekoppel te word en dus moet staandae in die kraal so kort moontlik wees, veral wanneer die rentekoers hoog is.

## Koste per kilogram groei

Voeromset verhouding (VOV), uitgedruk as kilogram voer gevreet per kilogram lewende gewigstoename, is een van die belangrikste maatstawwe van sukses in die voerkraal en het 'n direkte invloed op winsgewendheid. Die VOV van goeie kwaliteit, jong lammers wat voor speen kruipvoeding ontvang het, is beter as die van ouer lammers en volwasse skaap; dus is die ideaal om lammers op 'n jong ouderdom reeds in die voerkraal te plaas, eerder as op 'n latere stadium wanneer hul ouer is. Voerbak bestuur moet van so 'n aard wees dat vermorsing van voer tot 'n minimum beperk word. Uiteindelik is die doel dus om die koste per kilogram gewigstoename so laag moontlik te hou en sodoende maksimum wins te maak.

## Wetenskaplik gebalanseerde voer

Vir die doel moet wetenskaplik gebalanseerde voere aan voedingsbehoeftes vir hoë prestasie voldoen. Voere moet goeie kwaliteit ruvoer, korrekte graan insluitingsvlak, hoë kwaliteit deurvloeiproteïen, balans tussen NPN en natuurlike proteïen en optimale balans tussen makro minerale, spoorminerale en vitamiene, bevat. Rumen

## Volhoubare Dierevoedings Oplossings

Sustainable Animal Nutritional Solutions asidose (suurpens) moet ten alle koste verhoed word en voorkoming noodsaak insluiting van rumen buffers, sowel as deeglike aanpassing en 'n hoë bestuurspeil. Aanwending van tegnologie soos voerbyvoegsels (ionofore, groei bevorderaars ens.) verbeter ook voer benutting en verminder voorkoms van metaboliese steurnisse.

Vir voorbeelde van korrek gebalanseerde skaap afrondvoere, kontak gerus u naaste Feedtek veekundige.

Besonderhede beskikbaar by www.feedtek.co.za
of kontak ons by info@feedtek.co.za of 086 111 5362.

